FPD
Seed & Development (Edms)Bpk

Merlot House, Vineyards Office Estate, 99 Jip de Jager Drive, Bellville, 7500 : SOUTH AFRICA
PO Box 5202 : TYGER VALLEY : 7536
Tel: +27 21 913 2591 Fax: 086 692 0293
daan@fpd.co.za / financial@fpd.co.za

# BESTE PRAKTYKE VIR PLANT IN HITTE

## 1. VOORBEREIDING VAN MOERE

1.1. Plant fisiologies ouer moere aangesien vinnige opkoms en groeikrag noodsaaklik is.
1.2. Moere wat in 'n koelkamer dormansie gebreek het behoort beste resultate te lewer.
1.3. Koelkamermoere moet verkieslik tydens koel tyd van die dag onttrek word en vir 48 uur so koel as moontlik gehou word om swarthart te verhoed. Beste is om temperatuur geleidelik na 15 °C te verhoog in 7 dae en dan te onttrek.
1.4. Laat ten minste 10 dae verloop en of wag dat moere tot 5 mm spruit vanaf moere uit die koelkamer gehaal is tot plant. Die 5 mm beginsel geld slegs indien <2 mm spruiting tydens onttrekking aanwesig was.
1.5. Breek alle spruite af indien langer as 20 mm ten minste 7 dae voor plant sodat nuwe spruite aan die gang kan kom en wonde afdroog.
1.6. Berg moere in 'n koel (< 28 °C) droë stoor tot plant.
1.7. Vermy blootstelling aan direkte sonlig.
1.8. Vermy enige benatting van moere soos doopbehandelings.
1.9. Beperk enige vorm van meganiese skade tydens hantering en plant.

## 2. GROND VOORBEREIDING

2.1. Bewerk die grond sodat daar na plant ten minste 20 -30 cm los grond onder die moer is.
2.2. Breek ploegbanke indien nodig deur te rip.
2.3. Verseker 'n egalige klip en kluitvrye saadbed.

## 3. PLANT

3.1. Grond moet ongeveer 70-80% van plant beskikbare water bevat sodat groot toedienings om die profiel op te vul, nie na plant nodig is nie. Die riglyn is dat die grondwaterinhoud op so 'n vlak moet wees dat die grond steeds met gemak bewerk en geplant kan word.
3.2. Plant ligter en growwer tekstuur gronde.
3.3. Plant sodat ongeveer 10-12 cm grond bo die moer is nadat die grond vasgesak het. Nie meer as 15 cm nie.

3.4. Plant gedurende die koel tyd van die dag.
3.5. Verhoed dat warm bo-grond direk op moere val.
3.6. Hou moere in die koelte voor plant. Direkte sonlig sal die interne temperatuur van moere gou > 30 °C laat styg.
3.7. Koel land na plant in die nag af deur <3mm besproeiings. Verseker dat vry vog nie die moere bereik nie.
3.8. Breek oppervlak kors indien grond toegeslaan het na 'n reënbui of besproeiing sodat suurstof voorsienning herstel kan word.
3.9. Rip direk na plant om goeie dreinering te verseker.